November 2025
Select-plan

Geagte Lid

**VOORDELE EN BYDRAES VIR WERKENDE LEDE EN PENSIOENARISSE VIR 2026**

Transmed se lede-voordelegids vir 2026 is hierby ingesluit. Hierdie gids bevat belangrike inligting oor u hersiene voordele en bydraes vir 2026 en sal u help om te verstaan hoe om die mediese voordele op u gekose plan die beste te bestuur.

**Voordeelveranderinge vir 2026**

Die voordeellimiete en geselekteerde sublimiete is verhoog in lyn met verwagte tariefverhogings.

Indien u hulp of duidelikheid benodig met enige voordele, skakel asseblief ons kliëntediensdepartement by **0800 450 010** en praat met ons kliëntediensagente, wie u met graagte sal bystaan.

**Bydraes vir 2026**

Om die huidige vlak van voordele op die Select-plan te behou, is die algehele bydraeverhoging op hierdie plan 9.5%. Die ingeslote voordelegids vir 2026 voorsien volle besonderhede oor die bydraes.

U word daaraan herinner dat kinderafhanklikes wie 21 tot 24 jaar oud is, vol- of deeltyds studeer by ‘n geakkrediteerde opvoedingsinstelling en nog finansieel afhanklik van die hooflid is, vir bydraes vir kinderafhanklikes kwalifiseer.

**Indien u van plan wil verander**

U kan u voordeelplan een keer per jaar met ingang van 1 Januarie verander.

Wanneer u 'n plankeuse vir 2026 maak, moedig ons u aan om nie net bydraeverhogings in ag te neem nie, maar ook om die voordelegids noukeurig te bestudeer om te verseker dat u en u gesin se verwagte gesondheidsorgbehoeftes vir 2026 op u gekose plan voldoende sal wees.

Onthou dat u vir die volle jaar op u gekose plan moet bly en eers weer in 2027 'n verandering sal kan maak.

Indien u u voordeelplan vir 2026 wil verander, voltooi asseblief die ingeslote plankeusevorm en stuur dit terug teen nie later nie as 31 Desember 2025.

Verwys asseblief na die voordelegids vir meer besonderhede oor die proses om te volg as u na ‘n nuwe plan wil oorskakel.

U planverandering sal vanaf 1 Januarie 2026 in werking tree.

***Let asseblief daarop dat hierdie voordeel- en bydraeveranderinge steeds aan goedkeuring deur die Raad van Mediese Skemas onderhewig is.***

**24-uur-voorafmagtigingsdiens**

Transmed wil u graag herinner aan die voorafmagtigingsdiens (tolvry by **0800 225 151**) om u na toepaslike behandelingsfasiliteite te verwys wanneer toelating vereis word. Hierdie diens is 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

*Vervolg op keersy*

PO Box 2269, Bellville 7535/Posbus 2269, Bellville 7535
**Enquiries/Navrae:** Tel: 0800 110 268 (SATS Pensioners/SAVD Pensioenarisse)
**Enquiries/Navrae:** Tel: 0800 450 010 (Working Members and Pensioners/Werkende Lede en Pensioenarisse)
**Enquiries/Navrae:** Tel: 011 381 2026 (Service Providers/Diensverskaffers)
**Email/E-pos:** enquiries@transmed.co.za **Website/Webtuiste:** www.transmed.co.za

**Ambulansdiens**

In die geval van 'n mediese noodgeval wanneer 'n ambulans benodig word, kontak AZOZA (voorheen bekend as Europ Assistance) asseblief by **0800 115 750.** Hierdie diens is ook 24 uur per dag, sewe dae per week beskikbaar.

**Ten slotte**

Ek wens u en u geliefdes ‘n rustige feestyd en ‘n gesonde en voorspoedige 2026 toe.

Vriendelike groete

**PETRUS WASSERMANN**
HOOFBEAMPTE